# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII | FEBRUARY 2024 | No. 08


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 112:1-10**

1. Prys die Here! Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here.
2. Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën:
3. daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en blywend:
4. hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig.
5. Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree.
6. Die regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word.
7. Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here.
8. Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie: hy sal die neerlaag van sy vyande aanskou.
9. Hy gee mildelik vir die armes. Wat hy doen, is reg en blywend. Hy geniet hoë aansien.
10. Die goddelose sien dit en raak ontsteld, hy kners op sy tande van magteloosheid. Van die begeertes van die goddelose kom daar niks.

# GOD SE HAND IS ALTYD OOR JOU!


*Geagte hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*


**... my God het sy goeie hand oor my gehou ... -** Nehemia 2:18



Die begrip van die hand van God is bekoorlik. In die King James Version (KJV) van die Bybel kry ons die frase "hand of the Lord" 39 keer, 36 in die Ou Testament en 3 in die Nuwe Testament. Daarby kry ons die frase "hand of God" 16 keer in die Bybel, 7 keer in die Ou Testament, en 9 keer in die Nuwe Testament.

Die hand van God het groot betekenis gehad in die Ou Testamentiese tyd, en ook vandag. Hoekom is dit so belangrik in ons lewens?

❉ Handelinge 7:50 sê **sy hand** het alles gemaak.


*....verv. op.bls. 3*



**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...

REACHING NATIONS





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

### EK SIEN DAAR STAAN GROOT, HOË BOME WEERSKANTE ... (ESEGIËL 47:7)

Liewe Vriende in Jesus Christus,

Warm groete vir julle in die kosbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Ons betuig ons hartlike dankbaarheid vir julle volgehoue gebede en ondersteuning vir die verskeie aksies van **Echo of His Call.** God sal sekerlik julle toewyding beloon.



*St. Paul's Matrikulasieskool se onderwysers*

In die lig van die onlangse feesseisoen (Kersfees, nuwe jaar en Sondagskool se jaarlikse dagprogramme), het ons Evangeliese uitreikbyeenkomste gereël op verskeie plekke in en rondom Santhoshapuram, Balaji Nagar, Velachery en ander plekke. Die terugvoer was baie bemoedigend, want God se teenwoordigheid het mense se harte geraak. Ons versoek nederig julle volgehou gebede vir ons komende programme vir die nuwe jaar.



*Senior Pastoor se Veldbediening in dorpe*

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development



*Pastoor Sam en span wat werk aan Akkreditasie met ATA*

Dit verbly ons om te kan meedeel dat die proses om akkreditasie te kry by die **Asia Theological Association (ATA)** vir ons **Nehemia Bybelkolleges** aan die gang is. Julle gebede vir die suksesvolle afloop van hierdie proses word grootliks waardeer. Daarby, ons het teologiese boeke nodig in Hindi vir ons **Nehemia Bybelkollege** se biblioteek. As jy dalk toegang het tot sulke bronne, vra ons vriendelik vir julle ondersteuning hierin.

Terugblik op die afgelope jaar: Sommige van ons medewerkers het uitdagings met hul gesondheid gehad. Deur die krag van gebed het God hulle genadiglik genees, terwyl ander nog steun op volgehoue gebedsondersteuning.

Terwyl ons voortgaan vra ons ernstig vir julle voortdurende gebede vir die werk wat ons doen. Wees verseker dat ons ook vir julle bid.

Met dankbaarheid en seën,

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls. 1*

- Jabes het hiervan geweet, daarom het hy gebid dat "u hand oor my sal wees." (1 Kron 4:10, AOV). As God se hand maar net oor ons is in elke aksie en elke aspek van ons lewens, sal dit 'n opmerklike verskil maak. Wie van ons kan dit sê?
- "**My tye is in u hand**" (Psalm 31:16)
- Ons is "die **werke van u hande** ..." (Psalm 138:8)
- ".. God **in wie se hand u asem is** ..." (Daniel 5:23)
- "Die uitspansel maak die **werk van sy hande** bekend." (Psalm 19:1)
- Wanneer jy en ek hande hou, maak dit 'n groot verskil as my hand in God se hand is.

Kom ons oordink 'n paar dinge wat God se hande kan doen.

## 1. SKEPPENDE HANDE!

God se hand is 'n skeppende hand. Hy kan dinge maak wat nie bestaan het nie. **Hy bring dinge wat nie bestaan nie, tot stand** (Romeine 4:17). Sy hand kan nuwe dinge skep. Hy is die skepper. En nog meer, sy hand kan dooie dinge lewend maak. Wanneer sy hand iets raak wat dood is, leweloos, skynbaar sonder 'n toekoms, kan sy hand dit weer laat lewe, dit laat blom. Dit is die krag van sy hand. Toe sy hand die weduwee van Naïn se seun raak, het hy lewendig geword. En Hy het nie net haar seun weer laat begin lewe nie, maar ook weer lewe gegee in die dooie situasie van haar lewe, haar hoop, blydskap en geloof herstel.

Haar hele bestaan het nuwe betekenis gekry toe Hy 'n vars koers vir haar lewe gegee het. Toe Hy nader stap en **aan die baar vat**, gaan staan die draers, en Jesus sê vir die dooie seun: **Jongman, Ek sê vir jou, staan op! En wonderbaarlik sit hy regop, en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.** (Lukas 7:14-15).

Nog vroeg in die nuwe jaar is dit natuurlik om onseker te voel oor die uitdagings wat voorlê. Dit mag vir jou lyk na 'n doodloopstraat voor jou en jy wonder of daar 'n uitweg is of wat om te doen. Al is dit net 'n maand verder kan huidige gebeure jou besorg maak oor die res van die jaar. Hoe gaan ek dit hanteer?

Liewe vriende, dis noodsaaklik dat jy God toelaat om lewe te blaas in die dooie areas van jou lewe. Erken hulle is kaal en onproduktief, en laat God hulle nuwe lewe gee. Hierdie proses vereis selfondersoek en selfinsig.

## 2. VERSORGENDE HANDE!

**U maak u hand oop en skenk u guns in oorvloed aan al wat leef.** (Psalm 145:16)

God se hand is 'n bron van versadiging. Hy geniet dit om sy mense se begeertes te vervul. Psalm 145:19 sê: **Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra.** Daarby getuig Psalm 37:4: ... **Hy sal jou gee wat jou hart begeer.** Dikwels, wanneer ons hierdie vers lees, verwag van God om elke begeerte wat in ons hart opkom te vervul. Maar dan is ons teleurgesteld as ons nie kry wat ons wil hê nie, en dan

kla ons dat God nie sy woord hou nie.

Liewe vriende, ons moet begryp dat God die Een is wat ons versadig, vir dié wat Hom dien, Hom bewonder. Dit is so omdat die wense en begeertes van die wat Hom dien ooreenstem met God se wense. Toe Hy die Israeliete uit Egipte gelei het, het hulle vleis begeer. Ek dink hulle was net soos ek in hulle kos voorkeure. Ek geniet nie-vegetariese geregte, en dis nogal uitdagend vir as my ete dit nie het nie. Ten spyte van die Israeliete se ontevredenheid met die hemelse kos, het God ook hul begeerte vervul. Net so geniet Hy dit om in al ons begeertes te voorsien, maar hierdie voorsiening is net vir diegene wat Hom dien en hulle in Hom verlustig en aan Hom toegewyd lewe. Dit is so omdat daar eensgesindheid sal wees in hul gedagtes. Die een wat die Here eer sal altyd God se hart en gedagtes verstaan.

As jy vergenoegd is met jou omstandigheid, sal jy God se versorgende hand kragtig beleef.

## 3. HANDE WAT VASHOU!

### GEEN VREES

**Danksy die Here stap 'n jong man met ferm treë; en die Here is tevrede met sy lewenspad. As hy val, sal hy nie neerslaan nie want die Here hou hom aan sy hand.** (Psalm 37:23-24).

God se hand hou die regverdige vas wanneer struikel.

**Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. ... Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou.** (Jesaja 41:10, 13).

Ek onthou 'n keer in my jeugjare toe ek saam met my pa was op 'n bedieningstog na Nagercoil in die suide van Indië. Op pad terug huis toe moes ons ongeveer 600 km reis en 'n brug oor die see of 'n rivier oorsteek (nie seker watter een nie). Daar was 'n hewige donderstorm. Terwyl die bus oor die brug ry kon ek dit voel beweeg en water sien hoog opstoot. Ek was baie bang. Toe voel ek 'n warm hand wat my hand vashou. Dit was my pa se hand. Dit was genoeg vir my. Sy greep het my laat voel asof hy sê: "Moenie bang wees nie, ek is by jou. Niks gaan jou seermaak nie." Hy hoef nie die woorde te gesê het nie, maar sy hand oor myne was meer as genoeg om my veilig te laat voel, en toe was ek nie meer bang nie.

Liewe vriende, wanneer ek lees: "Ek hou jou vas, met my eie hand red ek jou," herinner dit my dat wanneer die Here jou en my vashou met sy magtige hande, hoef ons oor niks te kommer nie. Laat ons rus in die wete van Wie ons hande vashou. Dit gee vrede bokant ons verstand. Dit is die vrede wat Paulus en Silas ervaar het, wat hulle laat sing het terwyl hul hande en voete in kettings vas was, geslaan en gekneus, wagtend op die onvermydelike. Dit is dieselfde vrede wat die Hebreeuse broers gehad het toe hulle in die vuur geloop het. Solank ons hande in God se magtige hande is, kan ons enige plek loop. Die Psalmis sê: **Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie.** (Psalm 23:4). Ek bid terwyl jy in hierdie jaar voortgaan, dat God vir jou die krag sal gee om enige omstandigheid te kan deurleef in die wete dat Hy jou hand vashou.

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

Regd. Candidate for Membership ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI ECHO OF HIS CALL Estd. 1969

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Certificate in Ministry**
**Diploma in Theology**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES
SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Februarie 19 Tot Maart 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Februarie 19** ➲ Sy guns teenoor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne.

**Februarie 20** ➲ Seën op ons **Echo of His Call YouTube Kanaal** om die onbereikte meertalige mense te bereik.

**Februarie 21** ➲ Seën oor ons **Echo of His Call** Mede-redakteurs en hul gesinne.

**Februarie 22** ➲ Sy oorvloedige seën wat Hy gestort het oor ons werkers.

**Februarie 23** ➲ Die moontlikheid om ons tydskrif te kan druk met ons drukpers in 16 tale en dit te kan uitgee en na die sendingvelde te kan stuur.

**Februarie 24** ➲ Die groei van ons Bybel Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursus.

**Februarie 25** ➲ Die krag in God se Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en suster Kerke.

**Februarie 26** ➲ Die seëninge van morele en finansiële ondersteuning van ons vennote.

**Februarie 27** ➲ Sy beskerming oor ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en gesin teen alle bose magte.

**Februarie 28** ➲ Sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege**, en **Bybel Korrespondensiekursus**.

**Februarie 29** ➲ Sy voorsiening in ons behoeftes tydens die vorige maand.

**Maart 01** ➲ Sy beveiliging van ons **Echo of His Call Bediening** se personeel en hul gesinne.

**Maart 02** ➲ Sy seën oor ons jeug met entoesiasme om deel te neem in al ons Kerklike aksies.

**Maart 03** ➲ Sy seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool** se Hoof, Onderwysers en ander personeellede.

### Bid asseblief vir ...

**Maart 04** ➲ Eenheid en vrede onder alle nasies.

**Maart 05** ➲ Ons vennote en staatskoördineerders.

**Maart 06** ➲ Ons om die evangelie te kan versprei in die onbereikte dele van Indië.

**Maart 07** ➲ Al die aksies van ons bedienings.

**Maart 08** ➲ Ons Here se voorsiening in al ons behoefte vir hierdie maand.

**Maart 09** ➲ Goeie gesondheid vir ons Engelse mederedakteur, suster Sajini Cherian.

**Maart 10** ➲ Goddelike beskerming vir alle lande teen nuwe variasies van Covid.

**Maart 11** ➲ Die kinders en jongmense van die nasies dat hulle Jesus Christus sal aanneem as hul persoonlike Verlosser.

**Maart 12** ➲ Ons Senior Pastoor se suksesvolle skrywe van sy outobiografie.

**Maart 13** ➲ Die bejaarde mense in die oue tehuise.

**Maart 14** ➲ Beskerming van die wêreld se kinders en jongmense teen verslawing aan aanlyn-speletjies.

**Maart 15** ➲ Ons hulp-redakteurs en hul gesinslede.

**Maart 16** ➲ Sy seën op alle lande en hul ekonomiese ontwikkeling.

**Maart 17** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

**Maart 18** ➲ God se beskerming van sendingwerkers oor die hele wêreld.

*verv. v. bls.4*

Jy is nie alleen op jou reis nie. Daar is Iemand wat ons gisters, ons vandag en ons môres ken. Omdat Hy alreeds in ons môres was, hoef ons nie te kommer oor wat gaan gebeur nie. As Hy my invat, sal Hy my uitbring!

## 4. KRAGTIGE HANDE!

Sy hand is sterk – dit gee jou oorwinning deur aan jou kant te wees, of dit veg teen jou.

Jesaja 19:16 sê: **Daardie dag sal die Egiptenaars soos vrouens wees. Egipte sal bewe van angs wanneer hulle sien dat die Here die Almagtige sy hand teen hulle optel om hulle te straf.**

Niemand kan bly staan teen die hand van God nie! Maak seker sy hand is nie teen nou nie! Solank sy hand aan ons kant is, is ons veilig, maar as dit teen ons is, word ons niks.

## WANNEER IS GOD SE HAND TEEN ONS?

Handelinge 13:8-11 vertel die verhaal van Elimas die towenaar wat Paulus-hulle teengestaan het en die goewerneur wou keer om te glo. Paulus sê toe: ... **“Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan! Die Here gaan jou nou straf. Jy sal blind word en die son 'n tyd lank nie sien nie.” Onmiddellik het alles vir hom vaag en donker geword.**

God oordeel die vyande van die Evangelie met sy sterk hand.

Wanneer ons God se werk teenstaan, as ons praat om sy werk te keer, kom sy hand teen ons. Moenie teen God se mense praat nie. Hou op boodskappe aanstuur. Hou op skinder! Moenie praat teen God se werk of sy mense nie. Laat God dit hanteer.

Sommige van ons leef in duisternis omdat God ons blind gemaak het omdat ons 'n struikelblok vir sy werk geword het. Ondersoek bietjie: het jy enigsins sy werk geblokkeer, verhinder? – deur jou aksies, woorde, iets wat jy gedoen het of nie gedoen het nie – het dit die werk van God verhinder? Wees dan versigtig want dan is God se hand teen ons.

As God se hand in ons guns is, gee dit ons oorwinning. **Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, want Hy het magtige dade gedoen, deur sy krag en Goddelike mag het Hy oorwin.** (Psalm 98:1).

Liewe dienaars van ons God, soms is die pad eensaam, lank en steil. Voel jy jou harde werk word nie waardeer nie? Mense sien dalk nie die littekens op jou rug nie, maar Jesus het dieselfde pad geloop. Hy is verwerp, gekritiseer, bespot, ontmoedig, alleen gelaat. Onthou, Hy wat jou geroep het, is getrou! Hy ken jou en sal vir jou veg. Wees stil! Ons het 'n God wat veg in al ons veldslagte. Verloor is iets wat Hy nie ken nie! Daarom sal ons oorwinning sien omdat ons God 'n magtige vegter is wat veg met 'n sterk hand.

## 5. VORMENDE HANDE!

Laastens is die hand van God 'n vormende hand. Hy is die Pottebakker, en ons is die klei. Hy vorm ons, soms deur snoei, soms knip Hy die randjies, en soms moet Hy dinge doen wat onaangenaam is, sodat ons nuttig kan wees vir ons Meester.


## NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

Regd. Candidate for Membership ATA NEHEMIAH BIBLE COLLEGE CHENNAI ★ ECHO OF HIS CALL ★ Estd.: 1969

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Certificate in Ministry

Diploma in Theology

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Wanneer God ons vorm is dit nie 'n gemaklike ervaring nie. Dit maak seer en ons voel kwesbaar. Maar in hierdie tyd moet ons oorgee aan God se oorvloedige wysheid, en Hom vertrou. Een ding wat ons moet onthou is dat Hy die beste weet.

God laat omstandighede en situasies toe in ons lewens om ons te vorm. Hy laat mense ons ook vorm. Sommige mense in ons lewens leer ons geduld met hulle gemeenheid, lastigheid en steke met hul woorde. God laat sommige in ons lewens toe om ons karakter te vorm. Mense kom vir 'n seisoen om ons te snoei, en sodra ons God se teiken gehaal het, gaan hulle weg. Baie kere kla ons oor mense wat gaan en 'n litteteken agterlaat. Ek het dit op 'n harde manier geleer. Mense kom in ons lewens vir 'n seisoen. Sommige is net vir die eerste bladsy, ander vir die eerste hoofstuk, en 'n paar bly vir die hele storie. So, as God toelaat dat sekere mense weggaan uit ons lewens, bly dan sterk! Hy weet, en daar is 'n rede voor!

Ons mag soms voel dat God se magtige hand ons vermorsel. Maar dis nie om jou te vernietig nie, maar om jou te vorm.

1 Petrus 5:6 sê: **Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.** Kom ons kyk hoe sy magtige hand in ons lewens kan werk.

As ons ons lewens, begeertes, drome oorgee en onder sy magtige hand bly, sal al bogenoemde seëninge oor ons kom.

*******


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

**1. BIBLECOR** **Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

**2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE**

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## JY SAL HONDERDVOUDIG ONTVANG, EN SAL EWIGE LEWE ERF!

**Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen, ... Wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie. (Prediker 9:10, 11:4).**

Dit is vir lank al my begeerte om die verstommende waarhede van die Bybel vir enige mense van oral te leer deur Bybel Korrespondensiekursusse en Bybelkollege. Hierdie begeerte was diep in my hart en het vir jare lank gegroei. Maar ek het hulpeloos gevoel in my gesukkel om 'n inkomstebron te kry of iemand wat kon saamwerk en leiding gee. In hierdie tyd het ons gesin in armoede geleef, met groot nood, in 'n baie klein huisie sonder enige hulpmiddels.

In 1980 het ek 'n Evangelie-pakket ontvang van 'n organisasie met die naam INDIA BIBLE LITERATURE. Toe ek die pakkie oopmaak, was daar 'n paar evangelie-traktaatjies en 'n korrespondensie kursusboek in. Terwyl ek dit deurlees, het ek begin belangstel om dieselfde kursusboek te gebruik om mense te bereik in Indië in verskillende tale. Ek het gou die pad gevat na die kantoor van India Bible Literature, wat geleë was in Thousand Lights, Chennai-6, op my baie ou fiets.

Daar het ek 'n jong man ontmoet, Mnr. Velu, ook bekend as Mnr. Velayutham, wat nou die Uitvoerende Direkteur is. Toe ek sien hoe hy met presiesheid die kursusboeke gepak en versend het, was ek geïnspireer om iets soortgelyks te doen, saam met hom.

Terwyl ek om so bewonder, het ek versigtig nader gekom en hom beleefd gevra vir 'n paar kursusboeke. Hy sê toe die prys per boek was 50 paise (halwe Rupee). Ek deel toe met hom dat ek uit 'n finansiëel agtergeblewe gesin kom, en werk in 'n Regeringsafdeling met 'n beskeie maandelikse salaris. Toe hy dit hoor het hy goedhartig 10 boeke gratis vir my aangebied. Maar nog nie tevrede nie, het ek deur die venster gestaar na die boeke in die versendingsaal. Dit het gevoel asof van die boeke na my geroep het, amper asof hulle persoonlik was, my gesoebat het om hulle te vat en hul kennis te gee vir iemand wat ek ken, asof hulle groot moontlikhede gehad het. Ek kon myself nie wegskeur van die plek af nie. Skielik het 'n ander man nader gekom en gevra: "Wie is jy? Hoekom draal jy hier rond en loer so lank in ons kantoor in?" Ek verduidelik toe dat ek 'n man met beperkte vermoë is met 'n sterk begeerte om die Lewende God te dien, Jesus Christus, en dat ek graag van die kursusboeke wou koop. Hy sê toe ek moet geld bring om dit te kry. Met dit in gedagte besluit ek toe om my ou fiets, my enigste besitting, te verkoop.

Ek gaan toe gou na 'n fietsherstelwinkel daar naby en verkoop my fiets vir 100 Rupees en koop 200 korrespondensie kursusboeke. Nou sonder my enigste vervoermiddel, moes ek die boeke op my skouers en kop dra, van die plek bekend as Thousand Lights na my huis toe, omtrent 5 kilometer ver. Sonder ervaring van die dra van so 'n vrag het ek gou moeg en uitgeput geraak. Twee keer het die vrag van my kop en skouers afgeval tot in die pad, en my hulpeloos laat voel. Ek het gehoor hoe mense my koggel oor my gesukkel. Uiteindelik het ek die huis gehaal en die boeke begin versprei met alle mag.

Met broer M. Paulraj se hulp het God my vergun om te begin met die "New Life – For You!" kursus, en spoedig het ons die Echo of His Call Aand-Bybelkolleges begin.

Ja, my liewe vriend, daar was 'n tyd toe ek afskeid moes neem van my ou fiets ter wille van die Koninkryk van God. Dit het my gesin en vriende skaam gemaak en hulle het dit gesien as onkundigheid en dwaasheid. Maar, nou het God my geseën met motors en vaardige mense wat my help.

Eenmaal moes ek self Evangelie-boeke op my kop en skouers dra. Dit was 'n pynlike en vernederende ervaring in my jeugjare. Maar nou het God paneelwaens en minibusse voorsien om Evangeliese leesstof en personeel te vervoer.

Liewe vriend, God het ook 'n unieke plan vir jou en jou toekoms. Jy het nog tyd. As jy alles aan God oorgee sal jy ryklik vergoed word. Jy kan Jesus Christus as jou rolmodel neem en kies om iets wat vir jou belangrik is te belê in die bediening, met 'n Koninkryk gefokusde voorneme. Daar sal geen einde wees aan God se seën op jou lewe nie.

Onthou:

**Net een lewe, en dit gaan gou verby,**

**Net wat jy doen vir Christus, sal bly!**

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## DRINGEND

Ons benodig sowat 1000 Hindi Christelike boeke vir ons **Nehemia Bybelkolleges.** Laat weet asseblief van moontlikhede om die teologiese Hindi boeke te kan bekom.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

## BENODIG BIBLIOTEEKBOEKE

Ons benodig Tamil, Engelse en Hindi boeke vir ons biblioteke by **St. Paul's Matrikulasie-skool** en **Nehemia Bybel-kolleges**. As julle dalk nuwe of ouer boeke het wat in goeie toestand is en gewillig is om dit te skenk, laat ons asseblief weet.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief vir Echo of His Call se Poskurusse

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

Kontak: **Van kleuteronderrig tot Gr.10**

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

### ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 5th FEBRUARY 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**